Die Toekoms van die Kerk en die Kerk van die Toekoms

– in gesprek met Prof Jurgens Hendriks

Prof. Jurgens Hendriks het in November 2003 sy intreerede as professor by die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch gelewer. Dit was getiteld Die Toekoms van die Kerk en die Kerk van die Toekoms (beskikbaar by http://www.sun.ac.za/theology/Dokumente/Prof_Jurgens_Hendriks_Intreerede.pdf).

Die doel van hierdie kort artikel is tweeledig. Eerstens om waardering te toon. Hierdie gedeelte is meer persoonlik van aard. Tweedens om met Jurgens in gesprek te tree oor een aspek wat hy in sy intreerede noem, naamlik die kerk se betrokkenheid by nood.

Jurgens is 'n roepingsgedrewe mens – so het ek hom die afgelope 20 jaar leer ken. Ek sien vier komponente van hierdie roeping in sy lewe na vore kom, naamlik persoonlike vroomheid, sy passie vir die kerk/gemeentes, sy worsteling met die werklikheid en sy geïnteresseerdheid in Afrika. Ek wil kortliks iets oor die laaste drie sê.

Jurgens het 'n passie vir gemeentes. Sedert sy koms na die Departement Praktiese Teologie einde 1984 het hy menige predikant se mentor geword. Baie predikante wat vrae oor die kerk gehad het, is opgevang in die dampkring van "Gemeentebou" wat 'n soort vernuwingsbeweging in die NGK geword het. Van die vrugte hiervan was die ontstaan van 'n MTh-program in Gemeentebou (later Bedieningspraktyk) en die werk wat BUVTON tans in gemeentes verrig.

Tweedens het Jurgens 'n roeping om met die werklikheid (of dalk kan 'n mens van trends praat) te stoei en dit toe te pas op die kerk. Hierdie worsteling het hom in 1993 genoop om navorsing te doen oor godsdiens-demografie. Hy wou weet wat die afgelope eeu godsdienstig in Suid-Afrika gebeur en dit verifieer. Hierdie navorsing het gelei tot die ontstaan van die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese navorsing waarvan hy die direkteur is. Die naam is intussen verander na Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing. Die rede is juis die werklikheid in Suid-Afrika, naamlik armoede en dus die uitdaging van ontwikkeling.

Afrika is 'n derde passie by Jurgens. In 1997 besoek hy, saam met ander akademici, 37 verskillende opleidingsinstansies in Afrika. Hierdie besoek het so diep indruk op hom gehad dat hy daarna 'n leidende rol speel in die totstandkoming van NetACT (Network for African Congregational Theology) in 2000 waarvan hy tans die uitvoerende direkteur is.

Tweedens wil ek vanuit die perspektief van die werk wat ons by die Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing doen, met Jurgens in gesprek tree oor een aspek in sy intreerede. Hy formuleer, op grond van sy navorsing, sewe strategiese prioriteite van hoe die kerk in die toekoms moet lyk en waaraan die kerk aandag moet gee. Ek noem die sewe:

1. **Nuwe lewe begin by God, bekering**
2. **Herontdek die kerk se missionêre wese**
3. **Nuwe leierskap en leierskapstyl**
4. **Kleingroepe**
5. **Fokus op die nood van die gemeenskap**
6. **Leer om diversiteit te hanteer**
7. **Transformasiebestuur en Nuwe Gemeente Ontwikkeling**

Die vyfde prioriteit is die kerk se fokus op die nood. Daar is nie, myns insiens, twyfel oor die dát nie. Ook nie oor die teologiese motivering nie. Dis eerder 'n kwessie van hóé, hoe moet die kerk betrokke wees by die nood in haar omgewing?

Daar word die afgelope tyd heelwat gewag gemaak oor die potensiaal wat die kerk het om hierin 'n rol te speel. Sommige meen dat die kerk die mantel dra as die sterkste en wydverspreidste NRO in die land. Die kerk kan, anders as die staat en enige ander NRO weekliks mense bereik en selfs beïnvloed in godsdienstige byeenkomste. Sensus 2001 toon dat byna 80% van die bevolking met die Christelike geloof identifiseer. Froise (South African Christian Handbook 1999-2000) het bereken dat daar omtrent 43 000 Christelike gemeentes in die land is. Hierdie gemeentes se infrastruktuur kan byna elke huishouding in die land bereik en is veral in die diep platteland van onskatbare waarde. Dus: die kerk se leierskap, menslike- en organisatoriese hulpbronne het geweldig potensiaal.

Verder toon die staat toenemend belangstelling in die kerk as diensverskaffer. Die president, adjunk-president en verskeie ministers se openbare standpunt hieroor is gedokumenteer. Maar hierdie toenadering is nie sonder ingewikkeldhede nie. Byvoorbeeld in 1996 is wetgewing in VSA verander sodat die staat ook geloofsorganisasies finansieel kan ondersteun om dienste in hulle gemeenskap te lewer. Hierdie wetgewing het kerklike instansies in staat gestel om as diensverskaffers met sekulêre organisasies te kompeteer vir finansiële ondersteuning. Teenstanders van 'n te nou verhouding tussen kerk en staat wys op die Bush -administrasie se dreigement aan sodanige organisasies wat krities teenoor die oorlog in Irak was om hul fondse te vries. Hulle wys verder daarop dat die rede vir hierdie toenadering van die staat se kant eerder te doen het met 'n poging om begroting te besnoei as om geloofsorganisasies ter wille te wees. Dieselfde gevaarligte kan ook vir die kerk in Suid-Afrika flikker wanneer kerk en staat nader aan mekaar beweeg.

Dit blyk asof die kerk geweldig potensiaal het om 'n verskil in die land te maak. En tog kry ek die indruk dat gemeentes sukkel om barmhartigheidsdienste buite (en selfs binne) die gemeente te lewer. Dis asof die vaardigheid en kapasiteit om sodanige dienste te lewer, meestal buite die gemeente in 'n NRO gevestig is. Die vraag is of ons, na aanleiding van die potensiaal van die kerk soos hierbo beskryf, te veel van die kerk in terme van dienslewering verwag? Is hierdie verwagting dalk misplaas?

By die Eenheid reken ons dat die kerk in haar fokus op die nood, waarde op twee kante kan byvoeg. Die eerste het met waardevorming te doen. Sedert 1994 leef ons in 'n sekulêre, demokratiese samelewing. Kerke, saam met ander organisasies, word onder dieselfde kam geskeer as die sogenaamde vrywillige organisasies. Die "krag" van hierdie orgnisasies lê veral in die waardes, visie, onafhanklikheid en kwaliteit van die diens wat hulle lewer om mense se lewenskwaliteit te verbeter. Vrywillige organsisasies organiseer die "goodwill" van die gemeenskap en gee rigting daaraan. Die kerk, as 'n visie- en waardegedrewe organisasie, kan dus 'n belangrike rol speel om waardes en verhoudings te beïnvloed.

Tweedens kan die kerk 'n rol speel in ontwikkeling. Die Eenheid sluit aan by die teoretiese vertrekpunte ten opsigte van ontwikkeling van David Korten (1990:113-128). Hy beskryf vier benaderings wat histories ontwikkel het. Ek noem hulle kortliks:

- ❑ Relief and welfare: responding to the immediate and visible need.
- ❑ Community development: efforts by local NGOs in assisting the community to deal with its problems, mainly through so-called development projects.
- ❑ Sustainable systems: NGOs that work with major national role-players to reorient policies and working modes in a sustained process of using and raising resources in such a way that the challenges can be dealt with effectively.
- ❑ People's movements: decentralized action to involve people in a movement at grassroots, where there is less focus on money and resources, and more on motivating social energy in movements.

Die kerk is histories sterk ontwikkel ten opsigte van relief and welfare. Indien die kerk haar potensiaal as rolspeler in Suid-Afrika wil verwesenlik, moet leierskap, vaardigheid en kapasiteit op al vier benaderings ontwikkel word.

Froise, M & J Hendriks. 1999. South African Christian Handbook 1999-2000. Welkom: Christian Info.
Korten, David C 1990. Getting to the 21st century: Voluntary action and the global agenda. Kumarian Press: Westhaven.

JOHANNES ERASMUS: Navorser: Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing, Departement Praktiese Teologie & Missiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.